**AL Stander**
Professor, Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus
ORCiD: https://orcid.org/0000-0002-9052-4128

**H Kloppers**
Mede-Professor, Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus
ORCiD: https://orcid.org/0000-0003-0512-7986

DOI: https://dx.doi.org/10.18820/24150517/JJS44.i1.4

ISSN 0258-252X (Print)
ISSN 2415-0517 (Online)

*Journal for Juridical Science*
2019:44(1):90-110

© Creative Commons With Attribution (CC-BY)

# Kernaspekte rondom die voeging van gades en vennote by ’n aansoek vir verpligte sekwestrasie

## Summary

**Core aspects pertaining to the joining of spouses and partners in an application for compulsory sequestration**

Joining parties as respondents in an application for compulsory sequestration is possible beyond instances where spouses are married in community of property or in cases involving partnerships. The practice in the Gauteng Division of the High Court is that several respondents are not allowed in a joint application for their individual sequestration, unless there is a complete identity of interests. The correctness of this established practice, as supported by the decision in *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others* 1980 3 SA 167 (W) and *Breetveldt and Others v Van Zyl and Others* 1972 1 SA 304 (T), was drawn into question by the findings in *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others* 2004 5 SA 296 (SE) and *Maree and Another v Bobroff and Another* [2017] ZAGPJHC (7 March 2017), where the requirement of a “complete identity of interests” was substituted for a “substantial coincidence in the interests” of the respondents. With the 2017 decision in *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another* 2017 6 SA 491 (GJ), there is a return to the former practice. The authors analyse this case and contend that it was correctly decided. However, the authors also draw attention to what the *Strutfast* case did *not* decide, and postulate that this implies that joining is also possible in alternative situations.

## 1. Inleiding

Die onderwerp van voeging van partye tydens verpligte sekwestrasies is ’n netelige kwessie in insolvensiereg. Een geval waar die voeging van partye gereeld ter sprake is, is by getroude persone[1] en wel by die aansoek vir verpligte sekwestrasie deur ’n skuldeiser. ’n Ander is waar vennote en vennootskappe betrokke is. Die rasionaal vir voeging in hierdie twee omstandighede is nie moeilik om te verstaan nie. Die vraag is egter of

1 Uit die aard van die saak moet tussen huwelike binne gemeenskap van goed en huwelike buite gemeenskap van goed onderskei word. Dit word in 2 hieronder gedoen.

dit die enigste gevalle is waar die kwessie van voeging by 'n aansoek vir verpligte sekwestrasie ter sprake kom? Dit blyk nie die geval te wees nie. Daar is reeds 'n aantal hofsake oor hierdie onderwerp beslis. Voorbeelde sluit in *Breetveldt and Others v Van Zyl and Others*[2] (hierna verwys as die *Breetveldt*-saak), *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*[3] (hierna verwys as die *Ferela*-saak), *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others*[4] (hierna verwys as die *Business Partners*-saak), en *Maree and Another v Bobroff and Another*[5] (hierna verwys as die *Bobroff*-saak). Die fokus van hierdie artikel is om die omstandighede waar die voeging van partye by verpligte sekwestrasies geregverdig is, te beoordeel. Vir hierdie doeleindes sal kortliks na die posisie by die voeging van persone getroud binne gemeenskap van goed en die voeging van vennote en vennootskappe verwys word. Daarna sal die voeging van gades en vennote onder ander omstandighede aandag geniet. Dit sal ook sinvol wees om vir doeleindes van die voeging van partye eers net kortliks te verwys na die begrippe "wesenlike ooreenstemming" en "volledige identiteit van belange".

Die praktyk in die Gauteng-afdeling van die Hoë Hof is dat verskeie respondente in 'n gesamentlike aansoek vir hul individuele sekwestrasie nie toegelaat word nie, tensy daar 'n volledige identiteit van belange is.[6] Hierdie praktyk, soos ondersteun deur die beslissings in die sake van *Ferela* en *Breetveldt* is in onsekerheid gedompel na die uitsprake in die sake van *Business Partners* en *Bobroff,* waar "volledige identiteit van belange" verruil is vir "wesenlike ooreenstemming" in die belange van die respondente.

'n Presiese omskrywing en breedvoerige verduideliking van hierdie begrippe soos dit in die insolvensiereg en spesifiek by die aansoek vir verpligte sekwestrasie toegepas moet word, kon nie in wetgewing, hofsake of handboeke gevind word nie.[7] Peté en andere[8] stel dat indien twee of meer kwessies wat tussen twee of meer eisers (applikante) of verweerders (respondente) ontstaan, substansieel dieselfde[9] regsvraag of feitevraag

---

2 *Breetveldt and Others v Van Zyl and Others* 1972 1 SA 304 (T).

3 *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others* 1980 3 SA 167 (W).

4 *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others* 2004 5 SA 296 (SOK).

5 *Maree and Another v Bobroff and Another* [2017] ZAGPJHC 116 (7 Maart 2017).

6 Let wel dat 'n volledige identiteit van belange nie beweer en bewys hoef te word by die voeging van gades wat binne gemeenskap van goed getroud is en by die voeging van vennote waar aansoek vir die sekwestrasie van die vennootskap se boedel gedoen word nie, eenvoudig omdat wetgewing voeging in daardie gevalle vereis. Sien art. 17(4)(b) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88/1984 (hierna verwys as "die *Huweliksgoederewet*"); art. 13 van die *Insolvensiewet* 24/1936 (hierna verwys as "die *Insolvensiewet*").

7 Taalkundig beteken "volledige" identiteit van belange 'n volkome, voltallige, gehele, waaraan niks ontbreek nie, komplete ooreenstemming. "Wesenlike" ooreenstemming beteken 'n werklike ooreenstemming, wat die kern, hoofsaak, essensie raak. Sien Odendaal & Gouws 2013:1334, 1390. Hiemstra & Gonin 1992:III vertaal "volledig" met *complete, exhaustive, comprehensive, full.* "Wesenlik" word vertaal met *essential, material, fundamental, actual.*

8 Peté *et al.* 2017:441.

9 Hoe hierdie vergelyk moet word met die begrippe "volledige identiteit van belange" en "wesenlike ooreenstemming", word nie verduidelik nie. Peté *et*

inhou, mag sulke eisers en verweerders saam in een aksie gevoeg word. Met ander woorde, wanneer die geskilpunt wat tussen verskeie respondente en die applikant bestaan, afhang van die beslissing van wesenlik dieselfde regsvraag of feitevraag as wanneer afsonderlike aksies ingestel sou word, kan hierdie respondente in een aksie gedagvaar word.[10] Hulle kan gesamentlik gedagvaar word, gesamentlik en afsonderlik, afsonderlik of in die alternatief.[11] Die betekenis van "voldoende ooreenstemming" en "volledige identiteit van belange" en hoe dit van mekaar verskil, word nie deur die bronne verduidelik nie. Hieronder sal gepoog word om vas te stel hoe die howe 'n "volledige identiteit van belange" by die aansoek vir verpligte sekwestrasie interpreteer.

## 2. Voeging van persone getroud binne gemeenskap van goed

Met die risiko van herhaling word beklemtoon dat dit hier gaan oor die aansoek vir verpligte sekwestrasie. 'n Skuldeiser is dikwels onbewus van die feit dat sy skuldenaar getroud is.[12] Derhalwe kan 'n probleem ontstaan wanneer hy 'n sekwestrasie-aansoek rig en dit dan blyk dat die persoon getroud is en wel binne gemeenskap van goed getroud is.[13]

Waar die partye buite gemeenskap van goed getroud is, is daar uit die aard van die saak geen verpligting om die gades te voeg in 'n aansoek vir die

*al.* 2017:698 stel dat, indien daar voldoende oorvleueling ("sufficient overlap") tussen die aangeleenthede met betrekking tot elkeen van die respondente is om 'n afsonderlike verhoor ten opsigte van elke ander ongewens te maak, kan daardie respondente gevoeg word. Ook hierdie begrip van "voldoende oorvleueling" – of ten minste die minimum vereistes daarvoor – word nie verduidelik nie.

10 Sien reël 10(3) van die Eenvormige Hooggeregshofreëls; *Shapiro v SA Recording Rights Assoc Ltd (Galeta Intervening*) 2008 4 SA 145 (W):par. 12.

11 Sien Harms 2018:B10.7 waar die skrywer aandui dat die toepassing van reël 10(3) by sekwestrasies en likwidasies verskil. In watter mate dit anders toegepas word, word egter nie aangedui nie. Waarskynlik het die skrywer die vereiste van "volledige identiteit van belange" in gedagte.

12 Dit is inderdaad die funksie van die skuldeiser se prokureur om die status van die skuldenaar na te gaan alvorens die aansoek by die hof ingedien word. In die praktyk is daar egter dikwels struikelblokke in hierdie opsig vanweë die optrede van die skuldenaar.

13 'n Aansoek vir vrywillige boedeloorgawe is geensins problematies nie. By huwelike buite gemeenskap van goed doen een gade aansoek vir die sekwestrasie van sy eie, afsonderlike boedel (sien byvoorbeeld *Dys v Dys* 1979 3 SA 1170 (O) ten opsigte van huwelike buite gemeenskap van goed). Geen voeging van die ander is nodig nie. By huwelike binne gemeenskap van goed moet die gades, ingevolge art. 17(4)(a) van die *Huweliksgoederewet* 88/1984, gesamentlik aansoek doen. Daar is een, gemeenskaplike boedel (sien byvoorbeeld *Du Plessis v Pienaar NO and Others* 2003 1 SA 671 (HHA)) en albei eggenote moet applikante wees. Sien ook Nagel 2008:48; Magid 2018:3-1.

verpligte sekwestrasie van een van die gades se boedel nie, omdat elke gade oor ʼn afsonderlike boedel beskik.[14]

Daarenteen is die algemene reël in die Suid-Afrikaanse reg dat, indien partye binne gemeenskap van goed getroud is, albei as respondente in die sekwestrasie-aansoek geïdentifiseer moet word[15] omdat daar slegs een gemeenskaplike boedel is.[16] Die sekwestrasie van die gemeenskaplike boedel het tot gevolg dat elkeen van die eggenote as "die insolvent" beskou word.[17] Die *Insolvensiewet* 24 van 1936 (hierna verwys as "die *Insolvensiewet*") erken nie afsonderlike boedels van gades wat binne gemeenskap van goed getroud is nie.[18]

Die vraag is vervolgens op welke wyse ʼn skuldeiser die inligting of sy skuldenaar binne gemeenskap van goed getroud is, kan bekom. Dit kan in bepaalde gevalle uiters moeilik wees, indien nie onmoontlik nie. Dit spreek vanself dat dit essensieel is om dié inligting so vinnig moontlik te kry en ook op ʼn wyse wat so min moontlik tot uitgawes aanleiding sal gee.[19]

---

14 Ten opsigte van so ʼn aansoek word volledigheidshalwe genoem dat dit ook nie nodig is om die ander party formele kennis van die aansoek vir die sekwestrasie van die een se boedel te gee nie (*De Jager Investments (Pty) Ltd v Mark* 1952 3 SA 471 (W)). Sien verder in die algemeen *Campher v Campher* 1978 3 SA 797 (O); *Goldblatt's Wholesale (Pty) Ltd v Damalis* 1953 3 SA 730 (O); *Fatima v Cornell NO* 1960 4 SA 659 (N); Nagel 2008:102, 104; Magid 2018:2-28. Sien ook *Kok v Kok* 1974 2 SA 657 (T).

15 Art. 17(4)(b) van die *Huweliksgoederewet*; *Berrange NO v Hassan* 2009 2 SA 339 (N); *Hassan v Berrange NO* 2012 6 SA 329 (HHA); *Voget v Kleynhans* 2003 2 SA 148 (K); *Absa Bank Ltd t/a Trust Bank v Goosen* 1998 2 SA 550 (W); *Acar v Pierce & Other Like Applications* 1986 2 SA 827 (W); *Trust Bank van Afrika Bpk v Meintjies* 1990 2 SA 268 (T); *Detkor (Pty) Ltd v Pienaar* 1991 3 SA 406 (W); *De Wet NO v Jurgens* 1970 3 SA 38 (A). Indien daar nie bewyse is dat die huwelik een is in gemeenskap van goedere nie, moet die gade nie as ʼn tweede respondent gevoeg word nie (*Standard Bank of SA Ltd v Sewpersadh and Another* 2005 4 SA 148 (K); *Samsudin v Berrange NO* 2005 3 SA 529 (N):533).

16 Vir volledigheid word genoem dat skulde deur persone (eerder as deur hul boedels) aangegaan word. Die "insolvente skuldenaar" is beide die man en die vrou. Albei eggenote is aanspreeklik vir skulde deur een van hulle aangegaan en skuldeisers kan hulle tot die boedels van albei eggenote wend vir betaling van die skulde. Die feit dat sommige bates uitgesluit is van die gemeenskaplike boedel, is net tersaaklik vir die hantering van die bates *inter coniunges* en met betrekking tot hul regte by ontbinding van die huwelik. Dit affekteer nie die gewone reg van ʼn skuldeiser om hom tot ál die bates van die skuldenaar te wend vir betaling nie. Sien *Du Plessis v Pienaar NO and Others* 2003 1 SA 671 (HHA):paras. 5 en 6.

17 *Du Plessis v Pienaar NO and Others*; *Badenhorst v Bekker NO* 1994 2 SA 155 (N); *Nedbank Ltd v Van Zyl* 1990 2 SA 469 (A); *BP Southern Africa (Pty) Ltd v Viljoen en ʼn Ander* 2002 5 SA 630 (O).

18 *Du Plessis v Pienaar NO and Others*; *Badenhorst v Bekker NO*; *Nedbank Ltd v Van Zyl*; *BP Southern Africa (Pty) Ltd v Viljoen en ʼn Ander*.

19 Dit is weliswaar so dat prokureurs toegang tot hierdie inligting het, maar in die afwesigheid van die inligting vir welke rede ook al, kan die aansoek steeds voortgaan. Sien die verdere bespreking.

Ingevolge art. 9(3)(a) van die *Insolvensiewet* moet die mosie-aansoek van die applikant, *inter alia*, die huwelikstatus van die skuldenaar bevat. Indien hy getroud is, moet die aansoek sekere inligting omtrent hierdie eggenoot vermeld, naamlik die volle name, geboortedatum en identiteitsnommer. As die skuldeisers nie in staat is om al die besonderhede te vermeld nie, moet hy ingevolge subart. (3)(c) die redes daarvoor gee. Dit is dus nie 'n absolute verpligting om die huwelikstatus van die skuldenaar te verskaf nie. Die vraag is egter of enige rede aanvaarbaar sal wees? Hierdie vraag word nie pertinent deur die regspraak beantwoord nie. Ons meen dat, met verwysing na, en art. 18A van die *Insolvensiewet* as voorbeeld, bewys moet word dat *alle redelike stappe* geneem is om die besonderhede te bekom.[20] Die begrip "redelike stappe" is nog nie in hierdie spesifieke konteks deur die howe geïnterpreteer nie. In *Absa Bank Ltd v De Beer and Others*[21] het die hof die begrip met verwysing na art. 81(2)(a)(iii) van die *Nasionale Kredietwet*[22] geïnterpreteer. Die hof het gemeld dat hierdie artikel vereis dat "redelike stappe" geneem moet word om die voorgestelde verbruikers se bestaande middele, vooruitsigte en verpligtinge te evalueer. Volgens die hof beteken dit dat *die assessering redelik gedoen moet word, dit wil sê nie op 'n irrasionele wyse nie*. Daarom meen ons dat hierdie begrip geïnterpreteer moet word in ooreenstemming met rede. Die toets wat daarvoor toegepas moet word, is dus gebaseer op die vereistes van 'n redelike persoon in die applikant se posisie – watter stappe so 'n redelike persoon sou neem in 'n poging om die inligting te verkry.

Art. 17(4)(b) van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984 bepaal dat, waar 'n sekwestrasiebevel toegestaan is teen 'n persoon wat binne gemeenskap van goed getroud is, die bevel nie *per se* ongeldig is[23] net omdat die voorbehoudsbepaling nie nagekom is nie. Die howe sal bygevolg, met verwysing na hierdie subartikel, nie die aansoek weier nie, indien hulle tevrede is dat alle redelike stappe geneem is om sodanige inligting te verkry.[24]

Die vraag is egter wat as redelike stappe kwalifiseer? Sou 'n soektog by die adres wat deur die skuldenaar verskaf is, as voldoende beskou word?

20 Art. 18(A) van die *Insolvensiewet* plaas 'n verpligting op die voorlopige kurator of die kurator (soos die geval mag wees) om so gou as moontlik na sy aanstelling, vas te stel of die besonderhede na verwys, korrek in die sekwestrasiebevel aangeteken is. Indien enige sulke inligting nie akkuraat aangeteken is nie, moet hy onverwyld alle redelike stappe neem om die korrekte besonderhede te bekom. Dan moet hy 'n sertifikaat wat sodanige besonderhede bevat en 'n afskrif van die sekwestrasiebevel en van sy aanstelling aan die gade en elke amptenaar belas met die registrasie van titels op onroerende goed in die Republiek en aan die Meester stuur.

21 *Absa Bank Ltd v De Beer and Others* 2016 (3) SA 432 (GP):443-444.

22 *Nasionale Kredietwet* 34/2005.

23 Sien byvoorbeeld *Ratilal v Dos Santos* 1995 4 SA 117 (W); *Absa Bank Ltd t/a Trust Bank v Goosen*.

24 Sien byvoorbeeld *Absa Bank Ltd t/a Trust Bank v Goosen*:552; Nagel 2008:119; Magid 2018:2-28.

Dit is ons mening dat ’n soektog in die Aktekantoor[25] asook navrae gerig aan die Registrateur van Geboortes, Huwelike en Sterftes as voldoende sou kwalifiseer.[26] Ons is verder van mening dat dit redelik en billik is indien ’n skuldeiser staatmaak op die inligting wat deur die skuldenaar self verskaf is, nadat die skuldeiser of sy prokureur pertinent navraag oor die huwelikstatus gedoen het.

Reeds in *Acar v Pierce*[27] is beslis dat die afwesigheid van voeging van die ander eggenoot as respondent nie op sigself die sekwestrasiebevel ongeldig maak nie. In dieselfde trant verklaar die hof in *Absa Bank Ltd t/a Trust Bank v Goosen*:[28]

> As things presently stand, there is a valid sequestration order in effect against the husband and wife’s joint estate. Armed with that order, the trustee’s obligation is to perform the duties which the *Insolvency Act* 24 of 1936 imposes on him. And he must do so until someone (anyone) obtains an appropriate Court order forbidding him from so acting. For this Court to now retrace its steps and effect additions to the papers as they were originally constituted will add nothing to the order of sequestration.

Omdat die eggenoot van die respondent direk deur die voorlopige en die finale sekwestrasiebevel geraak word,[29] is die oplossing in so ’n geval dat hierdie “ander eggenoot” op die bevel *nisi* kan reageer[30] en op die keerdatum redes kan aanvoer waarom die gemeenskaplike boedel nie finaal gesekwestreer moet word nie. Sou hierdie “ander eggenoot” versuim het om die geleentheid te benut wat die bevel *nisi* bied, is daar volgens ons nog ’n verdere opsie. Indien hy/sy glo dat die hof nie die sekwestrasiebevel op die feite voor hom moes toestaan nie, kan daardie eggenoot op sterkte van art. 149(2) van die *Insolvensiewet* die hof nader vir ’n bevel om die sekwestrasie van die gemeenskaplike boedel tersyde te stel.[31]

## 3. Voeging van vennote en vennootskappe

Die voeging van vennote waar die eis teen die vennootskap lê, is hier ter sprake. Die sekwestrasie van ’n vennootskapsboedel word in art. 13 van die *Insolvensiewet* gereël. Kortliks bepaal subart. (1) hiervan dat, wanneer die hof die boedel van ’n vennootskap sekwestreer, ongeag of dit vir vrywillige boedeloorgawe of verpligte sekwestrasie is, moet die hof daarmee saam, gelyktydig ook die boedel van elke lid van daardie

25 Sien ook Magid 2018:2-28.
26 Sien ook Magid 2018:2-28.
27 *Acar v Pierce*:831.
28 *Absa Bank Ltd t/a Trust Bank v Goosen*:553 (kursivering bygevoeg).
29 Dit is ook hierdie eggenoot se (gemeenskaplike) boedel wat gesekwestreer word.
30 Hy/sy is tog ook “die skuldenaar” en kan dus op die bevel *nisi* reageer. Sien verder art. 11 van die *Insolvensiewet*.
31 *Absa Bank Ltd t/a Trust Bank v Goosen*:552.

vennootskap sekwestreer.[32] Dit beteken dat al die vennote saam met die vennootskap in die aansoek gevoeg moet word.[33] Wanneer 'n vennoot in hierdie omstandighede vervolgens onderneem om die skulde van die vennootskap binne 'n vasgestelde termyn te betaal en hy voldoende sekuriteit daarvoor gestel het, is dit binne die hof se diskresie om te bepaal of die afsonderlike boedel van daardie vennoot dan steeds gesekwestreer sal word, al dan nie. So 'n onderneming kan, met ander woorde, verhoed dat die vennootskap se boedel gesekwestreer word – en dus ook die boedels van enige van die ander vennote – aangesien die betaling die vennootskap se skulde sal uitwis.[34] Die hof sal egter eers sy diskresie moet uitoefen, 'n tydperk vir betaling vasstel én betaling sal waarskynlik ook eers moet geskied.

Besondere bepalings geld verder om die sekwestrasie van die vennootskapsboedel en elke individuele vennoot se boedel te bewerkstellig en te hanteer.[35] So bepaal art. 13(3) dat die oorgawe van 'n vennootskapsboedel nie aangeneem sal word nie, tensy en totdat die hof oortuig is dat daar ook 'n versoek ingedien is vir die aanname van die oorgawe van die "afsonderlike boedels" van al die vennote van die betrokke

32 Daar is 'n uitsondering, naamlik die boedel van 'n kommanditêre vennoot of 'n "special partner" wat (in elke geval) homself nie as 'n gewone of algemene vennoot van die betrokke vennootskap voorgedoen het nie. Hy is dan tog nie meer 'n geheime vennoot nie. Sien arts. 2 (woordomskrywingsartikel) en 13(1) van die *Insolvensiewet*. Sien ook Nagel 2008:594.

33 Sien ook Magid 2018:2-29. Die teenoorgestelde is nie noodwendig waar nie. Indien 'n skuldeiser se skuldenaar ook 'n vennoot in 'n vennootskap is, sal dit nie die skuldeiser verhoed om 'n sekwestrasiebevel teen so 'n skuldenaar te kry nie. Sien 4.7 hieronder. Dit is natuurlik indien die skuldeiser slaag om alles wat nodig is om bewys te word, teen daardie skuldenaar se boedel kan bewys. Dit is so nieteenstaande die feit dat dit moontlik nie tot voordeel van die skuldeisers van die vennootskapsboedel sal wees nie (*Latib v Mahomed* 1914 TPD:584).

34 Sien Magid 2018:2-29.

35 Sien byvoorbeeld *Gardee v Dhanmanta Holdings and Others* 1978 1 SA 1066 (N); *Commissioner, South Africa Revenue Services v Hawker Air Services* (*Pty*) *Ltd*.

vennootskap.[36] Die hof moet verder oortuig wees dat die vereistes[37] van art. 4 in hierdie verband nagekom is.[38]

Wanneer die vennootskap dus insolvent is en 'n aansoek vir sekwestrasie gebring word, word elke vennoot[39] se boedel outomaties gevoeg om gesekwestreer te word. Daar is egter nie 'n vereiste dat vennote beperk word tot natuurlike persone nie. Regspersone kan ook vennote in 'n vennootskap wees. Regspersone kan egter nie volgens die inhoud van art. 2 van die *Insolvensiewet* gesekwestreer word nie en die vraag ontstaan dan of 'n vennootskap wat regspersone as vennote het, dan steeds gesekwestreer kan word? Die hof het in *Commissioner, SARS v Hawker*

36 Ook baie relevant is die mening van die hof in *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others* op 169, dat waar die hof nie die boedel van 'n vennootskap kan sekwestreer nie omdat 'n saak daarvoor nie bewys is nie, die hof nie die boedels van enige vennote kan sekwestreer net omdat hulle kragtens die bepalings van art. 13(1) gevoeg is nie. Die hof verklaar dat voeging van die vennote in hierdie situasie nie behoorlik is nie. Die hof verduidelik tereg dat wanneer die boedel van 'n vennootskap gesekwestreer word, word die boedels van die individuele vennote as gevolg van die werking van die *Insolvensiewet* gesekwestreer – nie omdat elkeen van die vennote óf 'n gelikwideerde skuld aan die applikant verskuldig is óf dat hulle dade van insolvensie gepleeg het óf dat daar in hul individuele gevalle enige voordeel vir skuldeisers is nie. Sodra die boedel van die vennootskap self nie gesekwestreer kan word nie, omdat onvoldoende bewerings in die dokumente vervat is, dán ontstaan die vraag of die boedels van die individuele vennote self gesekwestreer kan word en of hulle dan behoorlik gevoeg is.

37 Daar word onderskei tussen vereistes en formaliteite. Vereistes moet bewys word alvorens die hof sy diskresie kan toepas en 'n sekwestrasiebevel kan toestaan. Vereistes vir bewys by vrywillige boedeloorgawe word in arts. 4 (kennisgewing van boedeloorgawe en indiening op die Meesterskantoor van 'n staat van die skuldenaar se sake) en 6 van die *Insolvensiewet* uiteengesit. Dit is egter nie 'n vereiste dat aan die formaliteite wat in art. 4 van die *Insolvensiewet* voorkom, voldoen word nie omdat formele gebreke nie die aansoek ongeldig maak nie. Vir 'n volledige bespreking van hierdie onderwerp, sien Nagel 2008:27; Magid 2018:3-7-3-10.

38 Sien art. 13(3) van die *Insolvensiewet*. Art. 13(2) bepaal dat, indien 'n vennoot se "afsonderlike boedel" nie die koste van sekwestrasie ten volle sal kan dek nie, die oorskot uit die bates van die boedel van die vennootskap betaal moet word. Hierdie subartikel handel oor die sekwestrasie van die individuele vennoot se "afsonderlike boedel" en nie oor die gesamentlike sekwestrasie van die vennootskapsboedel en vennote nie. Daar kan weliswaar gevra word waarom art. 13(2) geïnterpreteer word dat dit handel oor die sekwestrasie van die boedel van die individuele vennoot en nie dié van die vennootskap nie. Art. 13(1) handel tog oor die voeging van vennote waar die vennootskapsboedel gesekwestreer word en art. 13(3) oor die vereistes wat nagekom moet word indien aansoek gedoen word dat die vennote se boedels oorgegee word wanneer aansoek gedoen word vir die sekwestrasie van die vennootskapsboedel. Waarom sal art.13(2) skielik handel oor die aansoek vir die sekwestrasie van die individuele vennoot se boedel? Die rede is eenvoudig omdat die *Insolvensiewet* nie vereis dat die *facta probanda* ten opsigte van die individuele vennote bewys moet word wanneer aansoek vir die sekwestrasie van die vennootskapsboedel gedoen word nie.

39 Behoudens die uitsondering in vn. 32 hierbo genoem.

*Air Services (Pty) Ltd*[40] bevind dat dit in sulke gevalle slegs nodig sal wees om die boedels van daardie vennote te sekwestreer wie se boedels in staat is om gesekwestreer te kan word. Die hof was van mening dat so 'n benadering die probleme vermy wat kan ontstaan as art. 13 anders uitgelê word, naamlik om te bepaal dat die vennootskap nie gesekwestreer kan word indien die boedel van een van die vennote om die een of ander rede nie gesekwestreer kan word nie.[41] Nietemin moet alle vennote gevoeg word. Daardie boedels wat gesekwestreer kan word, word gesekwestreer; die res nie.

'n Tweede situasie relevant ten opsigte van vennote is die posisie waar die vennootskap tot die aksie teen die vennoot of vennote, of dan die vennote teenoor mekaar, gevoeg kan word.[42] Dit word vervolgens bespreek.

## 4. Voeging van gades en vennote onder ander omstandighede[43]

*Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*[44] (hierna verwys as "die *Strutfast*-saak") is die mees onlangse gesag op die voeging van gades vir doeleindes van sekwestrasie vir redes anders as 'n huwelik binne gemeenskap van goed. 'n Bespreking van hierdie saak volg.

### 4.1 Inleiding

In hierdie saak het die applikant aansoek gedoen vir die sekwestrasie van die boedels van twee individue, die eerste en tweede respondente, onderskeidelik. Die applikant se funderende verklaring het egter geen bewerings bevat waaruit afgelei kon word dat die sekwestrasie van dié twee se boedels in dieselfde aansoek aangevra word omdat daar 'n "identiteit van belange"[45] tussen die respondente of hul boedels was nie, ondanks die feit dat hulle getroud is, maar buite gemeenskap van goedere.[46]

In die afwesigheid van die nodige bewerings het die aansoek gevolglik van die gevestigde praktyk in die Gautengse howe afgewyk.[47] Dié gevestigde praktyk is dat 'n applikant nie die sekwestrasie van verskeie respondente in 'n enkele aansoek moet aanvra nie,[48] tensy die partye binne

40 *Commissioner, South Africa Revenue Services v Hawker Air Services (Pty) Ltd*.

41 *Commissioner, South Africa Revenue Services v Hawker Air Services (Pty) Ltd*:par. 27.

42 Dit is waar die eis ingestel word teen 'n enkel vennoot of waar die skuldoorsaak teen twee vennote gesamentlik is. Die eis is dus nie teen die vennootskap nie.

43 Hierdie paragraaf bespreek steeds die voeging van gades en vennote, maar onder ander omstandighede as onder 2 en 3 hierbo.

44 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*.

45 Soos in 1 hierbo genoem, meen ons dat dié begrip voor hierdie uitspraak in die *Strutfast*-saak, nog steeds nie heeltemal duidelik was nie.

46 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 1.

47 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 2.

48 Sien ook Harms 2016:B10.7.

gemeenskap van goedere getroud is of andersins in die baie ongewone omstandighede van 'n volledige identiteit van belange.

## 4.2 Grondliggende idees ten opsigte van sekwestrasies

Voordat die *Strutfast*-hof hierdie praktyk in die Gautengse howe bespreek het, het dit eers na belangrike grondliggende idees ten opsigte van sekwestrasies verwys. Hierdie aspekte het die hof se uiteindelike beslissing gerugsteun.

Die hof het eerstens verduidelik dat net soos by 'n aansoek vir die aanstelling van 'n *curator bonis* vir 'n pasiënt, die aansoek vir sekwestrasie slegs op daardie skuldenaar se omstandighede betrekking kan hê.[49] Die hof het daarop gewys dat een onderliggende rede vir die beperking van 'n sekwestrasie-aansoek tot die boedel van slegs een respondent, is dat sekwestrasie daardie bepaalde individuele skuldenaar se regsbevoegdheid – en veral sy handelingsbevoegdheid – beperk (*capitis diminutio*).[50]

Tweedens het die hof verwys na 'n opmerking in die *Ferela*-saak[51] ten opsigte van die statutêre vereistes vir verpligte sekwestrasie, naamlik dat die sekwestrasie van meer as een respondent bykans nóóit verband hou met die bepaling van wesenlik dieselfde feitevrae nie.[52] Ons stem saam dat geen geval tog dieselfde as 'n ander is nie. Die hof het ook instemmend gewys op die stelling in die *Ferela*-saak dat die doel van sekwestrasie is om 'n *concursus creditorum* tot stand te bring en dié te betaal. Dit is daarom nie raadsaam om twee afsonderlike boedels saam te hanteer nie, aangesien elke boedel lei tot sy eie en heeltemal aparte *concursus creditorum*. Met verwysing na die vereiste "voordeel vir skuldeisers" ten opsigte van 'n sekwestrasie-aansoek waar partye gevoeg is, word daar gewerk met twee verskillende groepe bates, twee verskillende groepe skuldeisers en twee verskillende situasies of omstandighede wat elkeen ondersoek moet word.[53] In die *Strutfast*-saak het waarnemende regter Rome tereg met hierdie opmerkings saamgestem.[54]

## 4.3 Die gevestigde praktyk in die Gauteng Plaaslike Afdeling

Die eerste saak van belang vir doeleindes van die bespreking, is die *Breetveldt*-saak.[55] In hierdie saak was daar 'n aansoek voor die hof vir die likwidasie van verskeie korporatiewe skuldenare. Regter Margo het beslis dat, behalwe in die geval van 'n volledige identiteit van belange óf die

49 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 3.
50 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 3.
51 *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*.
52 Sien *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 7.
53 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 7.
54 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par.10.
55 *Breetveldt and Others v Van Zyl and Others.*

toestemming van elk van die respondente, verskeie maatskappye nie in een aansoek vir hul likwidasie gevoeg moet word nie.[56]

Daarna, in die *Ferela*-saak,[57] het die applikant aansoek gedoen vir die sekwestrasie van die boedels van drie respondente. Die eerste twee respondente was na bewering vennote in die derde respondent, wat as 'n vennootskap gesiteer is. Desnieteenstaande was geen saak bewys waarom die vennootskap betrek is by die aansoek vir sekwestrasie nie en dus was daar geen saak uitgemaak vir die sekwestrasie van die gesiteerde vennootskap nie.[58]

Die regsvraag in die *Ferela*-saak was vervolgens of die eerste en tweede respondente (die voormalige twee vennote) gesamentlik in dieselfde aansoek gesekwestreer kon word en of die eerste en tweede respondente in daardie geval korrek by wyse van reël 10 van die *Hooggeregshofreëls* gevoeg was en of die voeging behoorlik en gepas was.[59] Die kwessie van voeging is oorweeg in die konteks van die vereistes vir verpligte sekwestrasie soos in arts. 9(1) en 10(c) van die *Insolvensiewet* uiteengesit is.[60]

Weer is dit insiggewend om te verwys na regter Coetzee se verduideliking dat met die voeging van respondente by verpligte sekwestrasie-aansoeke waar 'n mens met twee diverse groepe skuldeisers, twee diverse groepe bates, twee diverse situasies of omstandighede moet werk, daar baie maklik twee heeltemal verskillende sake, sover dit elk van die *facta probanda* betref, deur die hof gehoor en beslis moet word.[61] Die *Ferela*-beslissing het vervolgens die reël soos dit in die *Breetveldt*-saak verwoord is,[62] toegepas.[63]

'n Saak wat egter twyfel ten opsigte van die *Ferela*- en *Breetveldt*-praktyk geskep het, is die saak van *Business Partners*.[64] Hierdie saak het weliswaar die benadering in hierdie laasgenoemde sake uitdruklik as gesaghebbend verklaar,[65] maar toe die kwalifikasie gestel dat daar slegs 'n

56 *Breetveldt and Others v Van Zyl and Others*:314. Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 12.
57 *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*.
58 *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*:168-169. Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 5.
59 *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*:170. Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 6.
60 *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*:171. Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 6.
61 *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*:171. Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 7.
62 Naamlik dat voeging nie kan plaasvind nie, behalwe in die geval van 'n volledige identiteit van belange óf die toestemming van elk van die respondente.
63 *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*:171. Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 7.
64 *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others*:paras. 32-36. Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 12.
65 Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 13.

*voldoende* ooreenstemming van belange[66] vereis behoort te word om meer respondente in 'n enkele sekwestrasie-aansoek toe te laat, in plaas van 'n volledige identiteit van belange[67]

> ... such as would practically or at least substantially place the case outside the objections to joinder that were adverted to in the three cases referred to above[68] and properly bring the case within the ambit of Rule 10.[69]

Hierna is die *Bobroff-saak*[70] beslis. Dit het die voortgesette toepassing van die *Ferela*-praktyk weliswaar in onsekerheid gedompel.[71] In die *Bobroff*-saak was daar 'n enkele aansoek vir die sekwestrasie van die boedels van twee prokureurs, 'n vader en seun wat vennote in dieselfde regsfirma was.[72] Weereens, soos in die *Ferela*-saak, was dit nie uit die uitspraak duidelik dat die regsfirma self gesekwestreer is nie. Steunend op die *Ferela*-saak het die respondente beweer dat hul voeging in een aansoek onbehoorlik was.[73] Die hof in die *Bobroff*-saak het egter die beslissing in die *Ferela*-saak bevraagteken[74] omdat die hof die standpunt in die saak van *Business Partners*[75] verkies het. Die beswaar is afgewys op grond daarvan dat die *Ferela*-saak duidelik verkeerd was.[76] In die *Bobroff*-saak het waarnemende regter Theron hom derhalwe verlaat op die kwalifikasie van die algemene reël in die *Business Partners*-saak.

Ten einde te beslis wat die korrekte benadering in die geval van voeging is, was die hof in die *Strutfast*-saak genoop om die volgende vraag te vra:[77] Volgens die reëls van *stare decisis* was die hof in die *Bobroff*-saak net geregtig om van die beslissing in die *Ferela*-saak af te wyk indien

66 "Sufficiently substantial coincidence of interests".

67 "Complete identity of interests"; *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others*:par. 34. Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 7.

68 Die hof het verwys na die sake van *Breetveldt and Others v Van Zyl and Others*; *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*; *Caltex Oil (SA) (Pty) Ltd v Govender's Fuel Distributors (Pty) Ltd and Others* 1996 2 SA 552 (N).

69 *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others*:par 34. Reël 10(3) handel oor die voeging van skuldenare en bepaal dat verskeie verweerders in een aksie gedagvaar kan word hetsy gesamentlik, gesamentlik en afsonderlik, afsonderlik of in die alternatief, wanneer die geskilpunt wat tussen hulle of enige van hulle en die eiser of enige van die eisers bestaan, afhang van die beslissing van wesenlik dieselfde regs- of feitevraag wat, as die verweerders afsonderlik gedagvaar sou word, in elke afsonderlike aksie sou ontstaan.

70 *Maree and Another v Bobroff and Another* [2017] ZAGPJHC 116 (7 Maart 2017).

71 Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 16.

72 *Maree and Another v Bobroff and Another*:paras. 1 en 23. Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 16. Let wel dat dit nie 'n aansoek was vir die sekwestrasie van die vennootskap self nie. Daarom is art. 13 van die *Insolvensiewet* nie van toepassing nie.

73 Sien ook *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 17.

74 *Maree and Another v Bobroff and Another*:par. 11.

75 *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others*.

76 *Maree and Another v Bobroff and Another*:par. 11.

77 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 5.

laasgenoemde "*clearly, plainly or palpably* wrong" was en indien wel, of daar aan hierdie standaard voldoen is sodat die hof daarvan kon afwyk? Dit volg dat die hof in die *Strutfast*-saak nou moes besluit of die beslissing in die *Ferela*-saak 'n duidelike regsdwaling was sodat dit geregverdig sou wees vir 'n hof om sy eie vorige besluite te verontagsaam.[78]

In sy bespreking van die *Business Partners*-kwalifikasie het die regter in die *Strutfast*-saak daarop gewys dat hierdie kwalifikasie "was one expressed as to kind, namely that the strictness of the rule be reduced from a complete identity of interest to a somewhat more flexible substantial coincidence of interest".[79] Hy het ook daarop gewys dat die *Business Partners*-kwalifikasie baie tentatief uitgedruk was omdat die regter in daardie saak die woord "perhaps" gebruik het,[80] gedagtig daaraan dat die *Business Partners*-saak oor 'n aansoek vir likwidasie kragtens die *Maatskappyewet*[81] gehandel het en nie vir die sekwestrasie van die boedels van individue kragtens arts. 9 en 10 van die *Insolvensiewet* nie.[82] Daarom het Rome WR in die *Strutfast*-saak gemeen dat die kwalifikasie, sover dit sekwestrasieverrigtinge aanbetref, duidelik *obiter* was.[83] Wat ook baie belangrik is om te onthou, en die hof in die *Strutfast*-saak het daarop gewys, is dat die *Business Partners*-saak nie 'n sentrale aspek van die redenasie in die *Ferela*-saak aangespreek het nie. Dit is dat die praktykreël *a fortiori* van toepassing is op sekwestrasieverrigtinge, as gevolg van die statutêre noodsaaklikheid om 'n waarskynlike voordeel vir die skuldeisers van 'n bepaalde skuldenaar te bewys. Hierdie aspek hoef nie by die likwidasie van maatskappye bewys te word nie.[84] Die praktyk wat in die *Ferela*-saak gevestig is, bly dus onaangeraak deur die uitspraak in die *Business Partners*-saak. Ons stem saam, maar dit kan egter nie ontken word nie dat laasgenoemde uitspraak, soos ook in die *Strutfast*-saak erken word, nietemin twyfel geskep het.[85]

Die hof in die *Strutfast*-saak het verder verwys na *Brack and Another v Front Runner Racks 2000 (Pty) Ltd*[86] waarin verklaar word dat "*Breetveldt* has stood the test of time".[87] In die *Strutfast*-saak was waarnemende regter Rome oortuig dat dieselfde van die *Ferela*-beslissing gesê kan word.[88] Hy het verklaar dat die beslissing se gesaghebbende krag oor die

78 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 18.

79 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 14.

80 *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others*:par. 34: "Perhaps a preferable test would be ...".

81 *Maatskappyewet* 61/1973.

82 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 14.

83 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 15.

84 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 10.

85 Sien *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 16.

86 *Brack and Another v Front Runner Racks 2000 (Pty) Ltd* [2011] ZAGPJHC 34 (4 Mei 2011):par. 7.

87 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:paras. 8-9.

88 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 11.

jare eerder gegroei en nie verminder het nie.[89] Voorts relevant is dan 'n bespreking van die *stare decisis*-leerstuk en die afwyking daarvan.

## 4.4 *Stare decisis* en die afwyking daarvan

In die *Strutfast*-saak het die hof op die uitspraak van die Konstitusionele Hof in *Gcaba v Minister of Safety & Security*[90] gesteun wat die volgende beginsels geïdentifiseer en vir doeleindes van die beslissing van die regsvraag erken het:[91]

- Presedente moet gerespekteer word om regsekerheid en gelykheid voor die reg te verseker.
- Reg kan nie heers tensy dit redelik voorspelbaar is nie.
- 'n Hoogste hof van appèl – en veral die Konstitusionele Hof – moet veral versigtig wees vir die nakoming of afwyking van sy eie vorige beslissings.
- Soos 'n regsleer ontwikkel, kan begrip vermeerder en interpretasies kan verander.
- Nietemin is 'n enkele bron van konsekwente, gesaghebbende en bindende beslissings noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n stabiele grondwetlike regswetenskap en vir die effektiewe beskerming van fundamentele regte.
- Die Konstitusionele Hof moet nie maklik en sonder samehangende en dwingende rede afwyk van sy eie vorige beslissings, of gesien word dit te doen nie.
- Een uitsonderlike geval waar hierdie beginsel (van afwyking) toegepas mag word, is wanneer die Konstitusionele Hof se vroeëre beslissings aanleiding gegee het tot omstredenheid of onsekerheid wat tot teenstrydige beslissings in die laer howe gelei het.

Die voortgesette toepassing van *stare decisis*, soos hier uiteengesit, word bykomend gemotiveer in *Camps Bay Ratepayers' and Residents' Association and Another v Harrison and Another*:[92]

- Die presedenteleer bind nie net laer howe nie, maar bind ook howe van finale jurisdiksie tot hul eie beslissings.
- Hierdie howe kan slegs van 'n vorige beslissing van hul eie afwyk wanneer dit oortuig is dat die beslissing duidelik verkeerd is.

89 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 11.
90 *Gcaba v Minister of Safety & Security* 2010 1 SA 238 (KH):par. 62.
91 Sien *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 21 vir elk van hierdie stellings.
92 *Camps Bay Ratepayers' and Residents' Association and Another v Harrison and Another* 2011 4 SA 42 (KH):par. 28.

- *Stare decisis* is dus nie bloot ŉ kwessie van respek vir howe van hoër gesag nie. Dit is ŉ manifestasie van die oppergesag van die reg self, wat op sy beurt ŉ grondliggende waarde van ons *Grondwet*[93] is.[94]

Die hof in die *Strutfast*-saak[95] het vervolgens verwys na die opdrag in art. 39(2) van die *Grondwet,* naamlik dat elke hof die reg moet interpreteer en ontwikkel in die lig van die *Handves van Regte*. Dit skep die potensiaal vir konflik tussen ŉ nougesette toepassing van die *stare decisis*-leerstuk, soos hierbo uiteengesit, en die opdrag in die *Grondwet*. Die *Strutfast*-hof was tereg van mening dat geen sodanige spanning tussen belangrike maar potensieel teenstrydige fundamentele beginsels in die regspraak in die saak tans onder bespreking voorkom nie. Die hof het vervolgens daarop gewys dat die applikant in hierdie saak, nadat hy twee respondente in een aansoek gevoeg het, geen grondslag aangevoer het waarom die gevestigde praktyk konstitusioneel verdag kon wees nie.

Wanneer uiteindelik beoordeel word of die voeging van partye "wesenlike ooreenstemming" of "volledige identiteit van belange" vereis, het die hof in die *Strutfast*-saak die standpunt ingeneem dat die gevestigde reël van die praktyk "chimes with important constitutional values".[96] Die hof het ŉ goeie voorbeeld gegee van wat kan gebeur indien toegelaat word dat applikante van hierdie reël in die *Ferela*-saak afwyk. Dit sal groot finansiële instellings in staat stel om, vir hul eie kommersiële gerief, talle skuldenare as meervoudige respondente in ŉ aansoek vir die sekwestrasie van hul afsonderlike boedels te voeg, met die onvermydelike vervaging tussen die boedels, skuldeisers en die spesifieke omstandighede van elke skuldenaar ten opsigte van sodanige aansoek.[97] In die *Strutfast*-saak het die regter dan tot die gevolgtrekking gekom dat die *Ferela*-saak in daardie kategorie van geregtelike presedente val waar die howe nie ligtelik en sonder dwingende redes van hul eie vorige uitsprake moet afwyk nie.[98]

Die *Strutfast*-hof het gevolglik bevind dat die *stare decisis*-leerstuk inhoudelik bepaal dat ŉ hof sy eie gevestigde presedent slegs in die volgende omstandighede kan verontagsaam: waar die presedent gekristalliseer het in ŉ uitspraak wat nie net verkeerd is nie, maar wel

---

93 *Grondwet van de Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (die *Grondwet*).

94 Sien *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 22 vir elk van hierdie stellings.

95 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 23.

96 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 24.

97 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 25. Hierdie opmerking dui daarop dat "wesenlike ooreenstemming" nie vir die hof voldoende is nie. Juis in die geval van groot finansiële instellings kan die skuldoorsake van so ŉ instelling se skuldenare baie ooreenkomste toon. Dit kan daartoe lei dat wesenlike ooreenstemming maklik bewys kan word met ŉ ongewensde vervaging tussen betrokke skuldenare se spesifieke omstandighede, boedels en skuldeisers.

98 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 25. In par. 26 wys die hof op die volgende: "Apart from the fact that the Constitution would in all appropriate circumstances manifestly enable the circumvention of absurd or clearly unfair precedent, deference to judicial precedence has in any event never obliged our courts to descend into casuistry and allow the law to become mired in 'That codeless myriad of precedent, That wilderness of single instances'.".

*duidelik verkeerd* is*;* as die hof *redelik tevrede* is dat dit verkeerd is; as die hof *oortuig is* dat dit verkeerd is, of as die hof *tevrede is* dat dit *duidelik verkeerd* is.[99]

Die hof was van mening dat daar geen duidelik geformuleerde of presiese toets was vir wanneer 'n beslissing *duidelik* verkeerd was nie. Wat wel vir die *Strutfast*-hof duidelik was, was dat die *stare decisis*-leerstuk iets meer vereis as 'n blote gevolgtrekking dat 'n vorige uitspraak verkeerd beslis is. Daarom het die hof gemeen dat, wat ook al die presiese toets is, 'n duidelik of blatant verkeerde beslissing sou verwys na 'n geval waar die fout so gewigtig was dat dit as 'n judisiële flater beskou kan word, of indien die beslissing 'n onvolhoubare absurditeit of onreg tot gevolg gehad het.[100]

Volgens die *Strutfast*-hof het die rede wat in die *Bobroff*-saak gegee was vir die weiering om die beslissing in die *Ferela*-saak te volg[101] weliswaar nie 'n tasbare fout in die *Ferela*-saak aangedui nie.[102] Die *Strutfast*-hof het verder gemeen dat die *Ferela*-saak nie verkeerd was nie; nog minder was dit "duidelik" of "tasbaar" verkeerd. Dit het aangedui dat die gevestigde benadering toepaslik was, gegewe dat 'n aansoek vir sekwestrasie 'n vermindering in die status van 'n bepaalde skuldenaar inhou en die moeilikheid of las om in 'n enkele aansoek vir die sekwestrasie van meervoudige respondente te bepaal of daar 'n waarskynlikheid van voordeel vir die skuldeisers van elke afsonderlike skuldenaar bestaan.[103]

## 4.5 Toepassing op die feite in die *Strutfast*-saak

In die *Strutfast*-saak was die partye buite gemeenskap van goed getroud. Wat uit die funderende verklarings duidelik was, was dat 'n vonnisskuld, gegrond op 'n skikkingsooreenkoms wat 'n bevel van die hof gemaak is, teen elkeen van die respondente verkry was. Daarin is uiteengesit dat die tweede respondent eienaar van die verband beswaarde onroerende eiendomme was, maar daar was geen bewering dat die betrokke verbandhouers skuldeisers van die eerste respondent, die tweede respondent of van albei was nie. Vervolgens het die hof daarop gewys dat daar geen identiteit van

---

99 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 27. Ter motivering verwys die hof na die volgende gesag: *R v Jansen* 1937 CPD 294:297; *Duminij v Prinsloo* 1916 OPD 83:84; *S v Tarajka Estates (Edms) Bpk en Andere* 1963 4 SA 467 (T):470; *National Chemsearch (SA) (Pty) Ltd v Borrowman and Another* 1979 3 SA 1092 (T):1101.

100 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 30.

101 En om daarom die kwalifikasie soos uiteengesit in *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others* te verkies (naamlik dat dit amper onmoontlik was om aan 'n situasie te dink waar daar 'n volledige identiteit van belange sou bestaan).

102 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 31.

103 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 32.

belange tussen die respondente was nie, veral wanneer die vereiste om voordeel vir skuldeisers te bewys,[104] oorweeg word.[105]

Die hof verklaar voorts waarom die aansoek defektief was. Dit is die versuim om te onderskei of selfs te probeer onderskei tussen die skuldeisers en die bates van elk van die respondente, ten einde 'n potensiële dividend aan die skuldeisers in elke afsonderlike boedel te identifiseer. In dieselfde paragraaf maak die hof die volgende stellings:

Dit is nie aanvaarbaar dat 'n applikant bloot aanvoer dat hy baie min kennis van die sake van die respondente dra nie – hy moet homself nie daarmee gerusstel nie;

- selfs al is dit waar, moet die applikant steeds tussen die sake van elke respondent onderskei;
- die applikant moet nie bloot die skuldeisers van elke respondent in een *concursus creditorum* saamsmelt nie;
- die applikant kan nie bloot verklaar dat die respondente se sekwestrasie tot voordeel van die *concursus creditorum* sal wees nie, en
- die applikant se funderende verklaring moet ten minste bewerings bevat waaruit dit bepaal kan word dat daar vir elkeen van die respondente 'n identiese groep gesamentlike skuldeisers is.[106]

Dit was die hof se siening dat selfs as die toets die minder streng formulering van 'n "similarity or coincidence of interests" was om die voeging te regverdig, sou die hof nie kon aflei dat die voeging in hierdie saak geregverdig was nie. Die hof het beklemtoon dat waar daar so 'n onduidelikheid ("blurring") ten opsigte van die onderskeid tussen die sake van die respondente is, juis soos wat in *Strutfast* gebeur het, dit in werklikheid gedemonstreer het dat die voeging van respondente in een aansoek vir die sekwestrasie van hul afsonderlike boedels 'n onwyse praktyk is.[107]

## 4.6 Beslissing

Die beslissing in die *Bobroff*-saak om die vroeëre uitspraak in die *Ferela*-saak te verontagsaam, was volgens Rome WR in die *Strutfast*-saak 'n fout van so 'n aard dat dit duidelik verkeerd was. Daarvan moes afgewyk word.[108] Die gevestigde praktyk was nog steeds goeie insolvensiereg; die standaard van "duidelik, gewoon of tasbaar verkeerd" is nie aan voldoen

104 By verpligte sekwestrasie is die vereiste 'n rede om te glo dat sekwestrasie tot voordeel van die skuldeisers sal wees. Sien arts. 10 en 12 van die *Insolvensiewet*. Dit is in teenstelling met vrywillige boedeloorgawe waar die vereiste is dat bewys moet word dat sekwestrasie tot voordeel van die skuldeisers sal wees. Sien art. 6 van die *Insolvensiewet*.

105 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 33.

106 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 34.

107 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 35.

108 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:par. 32.

sodat 'n afwyking van die *Ferela*-reël geregverdig kon word nie. Die aansoek is dus met koste van die hand gewys. Daar was geen rasionaal waarom sekwestrasieverrigtinge teen albei respondente in een aansoek geloods kon word nie.[109]

Op die keerdatum, waar die hof moes uitspraak gee ten opsigte van die aansoek vir die finale sekwestrasiebevel,[110] het die hof die *Strutfast*-saak se beslissing bevestig. Na 'n ontleding van die relevante gesag,[111] het die hof verklaar dat die oorwig van regspraak die beginsel in die *Breedveldt*-saak ondersteun. Die hof het gemeen dat die kritiek wat in die *Strutfast*-saak gelewer is, korrek was[112] en ook dat die kommentaar wat regter Kroon in die *Business Partners*-saak[113] gelewer het, *obiter* was. Dit het dus nie die benadering in die *Breetveldt*-saak[114] en die *Ferela*-saak[115] verander nie.[116] Die hof het toe die belangrike stelling gemaak dat daar 'n wesenlike verskil in die boedels van die twee respondente is. Hulle het elk verskillende vaste eiendom besit wat verskillende antwoorde op die kwessie van 'n voordeel vir die skuldeisers ingehou het.[117] Daarom was daar volgens die hof nie 'n volledige identiteit van belange nie.

Die hof het derhalwe tot die gevolgtrekking gekom dat die *Bobroff*-beslissing met betrekking tot die aansoek vir voorlopige sekwestrasie duidelik verkeerd was en nie bindende effek het nie.[118]

## 4.7 Voeging van die vennootskap en ander vennote

Op grond van die uiteensetting hierbo, is dit ons submissie dat die posisie waar die vennootskap of ander vennote gevoeg word in die geval waar die eis teen 'n enkele vennoot lê of waar die skuldoorsaak teen twee vennote gesamentlik lê, op dieselfde wyse hanteer word. In die eerste plek is die feit dat 'n skuldeiser se skuldenaar 'n vennoot in 'n vennootskap is, nie op sigself 'n belemmering vir die verkryging van 'n sekwestrasiebevel ten opsigte van sodanige skuldenaar se boedel nie.[119] Met verwysing na die betekenis en effek van art. 13 van die *Insolvensiewet*, is dit nie noodsaaklik dat die vennootskap se boedel gevoeg moet word wanneer aansoek gedoen word vir die verpligte sekwestrasie van 'n vennoot se boedel nie.[120]

109 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*:paras. 33 en 36.
110 *Maree and Another v Bobroff and Others*.
111 Wat grootliks 'n herhaling van die ontleding in *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another* is. Sien *Maree and Another v Bobroff and Others*:paras. 8-17.
112 *Maree and Another v Bobroff and Others*:paras. 17-18.
113 *Business Partners Ltd v Vecto Trade 87 (Pty) Ltd and Others*.
114 *Breetveldt and Others v Van Zyl and Others.*
115 *Ferela (Pty) Ltd v Craigie and Others*.
116 *Maree and Another v Bobroff and Others*:par. 31.
117 *Maree and Another v Bobroff and Others*:par. 33.
118 *Maree and Another v Bobroff and Others*:par. 32.
119 Natuurlik indien die skuldeiser applikant 'n saak vir so 'n bevel kan uitmaak, ten spyte daarvan dat dit nie tot voordeel van die skuldeisers van die vennootskap mag wees nie; *Latib v Mahomed* 1914 TPD 584. Sien ook Magid 2018:2-22.
120 Sien ook Sharrock *et al*. 2012:235.

In die tweede plek, indien ŉ "volledige identiteit van belange" teenwoordig is, sal dit moontlik wees dat voeging by ŉ aansoek vir die verpligte sekwestrasie van die verskillende vennote se boedels, asook selfs die vennootskap se boedel kan plaasvind.

## 5. Samevatting

Met die *Strutfast*-beslissing[121] is daar nie fout te vind nie. Wat wel verontrustend is, is dat die uitslag van die spesifieke geval moontlik anders kon wees, indien die applikant se saak deegliker gemotiveer was. Dit is ons mening dat die funderende verklarings meer volledig saamgestel moes word met die nodige inligting wat waarskynlik geredelik beskikbaar was. Onder andere, kon meer volledige inligting oor die sake van elke respondent; die feit of die eis van die applikant op dieselfde skuldoorsaak gegrond was of nie; die verbandhouers en die verband waarop die vonnisskuld gebaseer was; enige gesamentlike skuldeisers van die respondente, en enige voordeel wat sekwestrasie moontlik vir die skuldeisers van elke skuldenaar kon inhou, uiteengesit word. Waaroor die hof nié beslis het nie, is dat ŉ man en ŉ vrou wat buite gemeenskap van goed getroud is, nooit saam as respondente in ŉ sekwestrasie-aansoek gevoeg kan word nie.

Die reël is dat, indien daar ŉ volledige identiteit van belange tussen die respondente is (ongeag of hulle buite gemeenskap van goed getroud is en of hulle vennote is of nie), kan hulle gevoeg word. Tussen verskillende individue is dit bykans nooit die geval nie. Tussen vennote bestaan daar ook nie noodwendig ŉ volledige identiteit van belange nie. Dit is wel so dat, waar ŉ vennootskap ter sprake is, die applikant ŉ ondersoek kan loods waartydens ander omstandighede wat op ŉ identiteit van belange kan dui moontlik na vore kan kom. Die applikant sal sy saak dan dienooreenkomstig moet motiveer. In die geval waar ŉ pa en seun gesamentlike vennote in ŉ vennootskap is, ongeag die aard van die besigheid van die vennootskap, is die moontlikheid hier groter om ŉ identiteit van belange te identifiseer. Die applikant sal egter, byvoorbeel in ŉ geval waar vennote gesamenlik op een plaas boer, baat vind om homself van die korrekte feite te vergewis en die voorgeskrewe vereistes dienooreenkomstig te bewys. In die geval van persone getroud buite gemeenskap van goed is die moontlikheid om ŉ volledige identiteit van belange te identifiseer egter die mees waarskynlikste.

Na aanleiding van die beslissing in die *Strutfast*-saak, is ons van mening dat ŉ identiteit van belange in die volgende omstandighede bepaal kan word:

- waar wesenlik dieselfde regsvraag/vrae of wesenlik dieselfde feitevraag/vrae op elke respondent van toepassing is, en
- die *consursus creditorum* ten opsigte van elke respondent wesenlik ooreenstem.

121 *Strutfast (Pty) Ltd v Uys and Another*.

Om hierdie omstandighede te bewys, sal die omstandighede van elke respondent afsonderlik ondersoek moet word. Verder sal enige wesenlike onderskeid, soos onderskeie vaste eiendomme van elke respondent, in die afsonderlike boedels van die respondente aangedui moet word alvorens ’n voordeel vir die (gesamentlike) skuldeisers van die respondente bepaal kan word.

Dit sal gevolglik nie aanvaarbaar wees dat ’n applikant bloot aanvoer dat hy baie min kennis van die sake van die respondente dra nie. Selfs al is dit waar, moet die applikant steeds tussen die sake van elke respondent onderskei. Dit sal nie aanvaarbaar wees indien die applikant bloot die skuldeisers van elke respondent in een *concursus creditorum* saamsmelt nie. Dit sal ook nie aanvaarbaar wees indien die applikant bloot verklaar dat die respondente se gesamentlike sekwestrasie tot voordeel van die *concursus creditorum* sal wees nie. Die applikant moet duidelik onderskei tussen die skuldeisers asook die boedel van elke afsonderlike respondent.

Ons is verder van mening dat, na oorweging van die beslissing in die *Strutfast*-saak, die applikant se funderende eedsverklaring ten minste bewerings moet vervat waaruit vasgestel kan word dat daar vir elkeen van die respondente ’n identiese groep skuldeisers is.

Indien ’n identiteit van belange bestaan, sal dit kosbare tyd en onnodige kostes bespaar om ’n enkele aansoek te bring waarin die respondente gevoeg is. Dit sal ook die bewyslas ten opsigte van die *facta probanda* vergemaklik. Die applikant se regsverteenwoordiger sal, met inagneming van waarnemende regter Rome se opmerkings in die *Strutfast*-saak, die aansoek vir sekwestrasie baie noukeurig en volledig moet motiveer.

In sy beslissing wys waarnemende regter Rome daarop dat daar nie ’n duidelik geformuleerde of presiese toets was vir wanneer ’n beslissing *duidelik of blatant* verkeerd was nie. Sy verduideliking daarvan is volgens ons genoegsaam akkuraat. Dít is wanneer die fout so ernstig is dat dit as ’n judisiële flater beskou kan word, of indien die beslissing ’n onvolhoubare absurditeit of onreg tot gevolg gehad het.

## Bibliografie

HARMS D
2018. *Civil procedure in the Superior Courts.* E-publications. Durban: LexisNexis.

HIEMSTRA VG & GONIN HL
1992. *Drietalige regswoordeboek.* 3de uitgawe. Kaapstad: Juta.

MAGID PAM (RED.)
2018. *Insolvency law and its operation in winding-up*. Byhouersdiens. Durban: LexisNexis.

NAGEL C (RED.)
2008. *Mars: The law of insolvency in South Africa.* 9de uitgawe. Kaapstad: Juta.

ODENDAAL FF & GOUWS RH
2013. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 5de uitgawe. Pinelands: Pearson Education SA.

PETÉ S, DU PLESSIS M & PALMER T
2017*. Civil procedure: A practical guide.* 3de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.

SHARROCK R, VAN DER LINDE K & SMITH A.
2012. *Hockly se insolvensiereg.* 4de uitgawe. Kaapstad: Juta.